DIENSPLIG : ECC STEL SY SAAK.

RAPPORT'S DRAFT FOR PUBLICAT. approved by editor

met---1

DIE End Conscription Campaign (ECC) is n wettige organisasie wat binne die grense van die Verdedigingswet beweeg. Ons moedig nie jong manne aan om militêre diensplig te ontduik nie. Ons vra net dat elkeen self moet kan besluit of hy militêre diensplig wil doen."

So sê Janet Cherry, streekvoorsitter van die ECC in Port Elizabeth. Sy het gereageer op berigte oor die ECC wat op 27 Oktober in RAPPORT verskyn het en waaroor die organisasie beswaard voel.

Die ECC het die saak na die Mediaraad verwys omdat hy meen hy het nie voldoende kans gehad om sy saak te stel nie.

---

met---2

RAPPORT se inligting was onder meer gebaseer op inligting afkomstig van n persoon binne die ECC en dokumente in sy besit. Die persoon wil naamloos bly.

Volgens hierdie bron was die dokumente deel van n sogenaamde "Peace Kit" wat uitgedeel is deur die Port Elizabeth-streek van die ECC. Die "Peace Kit" is n lêeromslag met n aantal dokumente wat betrekking het op die ECC se veldtog.

Lede is aangemoedig om die "Peace Kit" aan te vul, maar as "onwettige dokumente" hierin beland het, distansieer die organisasie hom van sodanige dokumente.

WL33/27
291085

# ECC / RAPPORT

1. Before looking at the article, note the following about the ECC:

   1.1 It is a front organisation comprised of about 50 member or affiliate organisations. We are also a non-front organisation in the sense that we have individuals who are members of the ECC and then participate in sub-committees.

   1.2 We have six branches nationally. Decisions in regions are made on the basis of consensus amongst the affiliates and the general feelings of individuals involved. Nationally decisions are made on the basis of a consensus amongst the regions. We do have a constitution as well.

   1.3 Each branch has its own executive whose function is administrative. Nationally there is a national committee which consists of one representative from each region. The

national committee has no decision-making power. Its function is simply one of co-ordination and planning.

1.4 The other structure that we have at a national level is the national conference which is open to anyone involved in the ECC. Strictly speaking, decisions are not made at that forum but rather suggestions are referred to the regional bodies. In practice, decisions are effectively made there with resolutions coming up from the branches and being discussed and ratified there. They are then referred back to the branches.

1.5 The decision-making body in the ECC is the regional general body in each region which consists of representatives from the affiliates and other ECC members.

1.6 The people who would be associated with the ECC aside from its own leadership are:

- Laurie Nathan - national organiser;

- Mike Evans - chair of Cape Town - as a law student and a sociology lecturer;

- Janet Cherry from the Eastern Cape - chair of P.E. - an adult literacy co-ordinator;

- Rachman Leora Reichman - chair of Grahamstown interim ECC - tutor in the anthropology department;

- Paul Graham - chair of Durban - full time worker in the Methodist Church;

- Benita and Claire Verbeuk - Johannesburg.

There are the endorsers of our declaration which include Molly Blackburn (she addresses our meetings from time to time), Beyers Naude, Desmond Tutu, Sir Richard Luyt, Sheena Duncan and Archbishop Hurley. There is also another range of people who are associated with the ECC in the public mind and that would be Richard Steele in the Durban ECC who is a conscientious objector, OMS from the

Crossroads squatter camp and the clinic there and Harold Winkler who is also a conscientious objector from Johannesburg.

2. Aanslag op wit seuns

Paragarph 1

There is an innuendo in the use of the word "dekmantel". We obviously do not support this government and would like to see it fall but that does not mean to say that the ECC is a cover for anything.

Paragraph 2

Again there is the innuendo in this paragraph of uncovering the true aims. Also note that this journalist claims to have been involved in an investigation for some months and yet has a number of facts wrong. The duty of care must be appropriately greater. It should also be noted that in this allegedly extensive investigation that has taken months no ECC person has been interviewed by Mr Ochse. In the sub-articles, and

especially under the one headed "Sterk steun van Engelse kerke", individual supporters of the ECC like Dan Vaughan and Beyers Naude are asked what their views are of the ECC. However, there has been no interviewing of officials or active members of the ECC.

Paragraph 3

It is absolutely incorrect that the police are powerless to move until the ECC is declared a prohibited organisation. They have many laws which can be used if offences are committed. In fact, in the past few months, the police have acted against the ECC in a number of ways:

- They have detained four of their people, viz Richard Steele, Anita Cromberg, Sue Britten, Mike Evans and possibly even Gavin Evans, Ian Moll and Joy Harnden. Note that the first three were released from detention by court order because there was no evidence of their having information relating to subversion or terroristic activities under section 54.

- They have raided at least 20 houses and confiscated documents relating to the ECC. The second sentence of this paragraph to the effect that there are people in many circles calling for at least an investigation into the ECC is denied and Mr Ochse will be required to prove his sources here.

Paragraph 4

To depict these as "skok-feite" is against the code.

Paragraph 4.1

No pamphlet that the ECC has ever issued has indicated the ECC's support for SWAPO or the ANC or attempted to win over white youth to support these organisations. The ECC has talked about SWAPO sympathetically and called for the unbanning of the ANC. This does not mean to say it ~~supports either of them~~ or attempts to win over recruits for those organisations.

Paragraph 4.2

Nowhere has there ever been a public call for support of international sanctions or isolation of South Africa.

Paragraph 4.3

This is completely incorrect. This is not a call of the ECC at all.

Paragraph 4.4

We say that in terms of the law it is not compulsory for boys to do cadet training at school. We point this out to pupils. At worst we might encourage them to take advantage of that. That is encouraging a lawful action and it is not our avowed aim to destroy the cadet system.

Paragraph 4.5

We have no specific recollection of any direct comparison being made between South Africa and Rhodesia. This might have been

made. There is no desire to instill fear into the white youth.

Paragraph 4 in general

This paragraph is a summary in the sense of another pamphlet that they referred to in the left hand article headed "Die ECC se politiek skyn rooi deur". This is a pamphlet which we believe is actually an ANC or COSAWR pamphlet.

Paragraph 5

An education pack was drawn up which included ECC material, UDF material and a copy of the Freedom Charter which was printed by UCT. This pack was for internal distribution within the ECC in Port Elizabeth. When Laurie Nathan came across this, he suggested that the Charter and the UDF material be taken out of that pack not for legal reasons but only because the ECC is not an affiliate of the UDF nor does it specifically endorse the Charter. The ECC is a far more broad based organisation.

Paragraph 6

The whole basis of the ECC is that it is a legal and open organisation. In this regard, over the years, it has been very careful to ensure that it does not contravene section 121C of the Defence Act. This is the section which makes it an offence to promote or assist persons in evading military service. The ECC's primary call is for an end to conscription and that people should have the freedom of choice in respect of whether to serve the military or not. Here in this paragraph the writer is not even saying that it is our hidden aim to persuade young people to evade military service. They are saying that it is our expressed and declared aim. This is completely defamatory and incorrect. The second sentence of this paragraph as to the use of the word "infiltreer" has very insidious connotations and the ECC does not persuade young people to infiltrate church political student organisations. Members are persuaded to spread the word and to be involved but "infiltrate" has all the implications of being subversive.

<u>Paragraph 7</u>

This paragraph once again merely has a sinister connotation for something that is quite legitimate. We want the press and the world press to publicise our cause. There is no question of "mobilising" the press.

<u>Paragraph 8</u>

We know of no public political statement by any analysts that say that the ECC constitutes an unholy group of bed fellows. There was an NSF (National Students Federation) publication that attacked our patrons but this clearly did not come from any political scientists. It is correct that we are supported by the Black Sash, the UDF and the Catholic Church. We doubt that any of them would be happy to be known as an unholy bunch of bed fellows.

<u>Paragraph 9</u>

The ECC has never claimed to be non-political. What we have said is that we

are a front and in that sense we have said that we are not a political organisation as such but a front. The inconsistency that he is pointing to here is a strange inconsistency. The rest of this paragraph is correct.

Paragraph 10

The first sentence is incorrect. Laurie Nathan is not the chief leader but is an employed national organiser. Janet Cherry is the head of the region. She is not the regional chairperson of the UDF. She is not an elected office bearer in the Eastern Cape of the UDF. She could have been involved in one of their commissions. Interestingly, Janet Cherry was detained for about two-and-a-half weeks in July prior to the emergency and was not asked anything about the ECC. Her formal job is working as a literacy teacher in the Eastern Cape Adult Literacy Programme (ECALP). It is absolutely incorrect that the ECC is conducting its business out of the UDF office in Port Elizabeth or anywhere else for that matter.

Paragraph 11

This paragraph is a correct reflection of the ECC support.

Paragraph 12

Although this paragraph constitutes fair comment, it is still inaccurate. Slabbert attacked the call to end conscription as simplistic and romantic and not the ECC itself. He made that clear because the PFP Youth who are an affiliate of the ECC challenged him about this in a letter (Andrew Miller, national chair of PFP Youth) and Slabbert claimed that he saw the call to end conscription as simplistic. Slabbert also published an article on the leader page of The Star which said that he was going for the call against it and not against the ECC itself. Note that the ECC has made a representation to the Geldenhuys Commission and a copy of that representation can be made available. That document contains our national policy.

Paragraph 13

This paragraph relates to the second article. It is correct that there are a number of individual church members who are involved in the ECC without their synods or their churches backing them as affiliates. However, the innuendo that they are being dragged in by a "sleeptou" or being used is an incorrect and defamatory innuendo.

Paragraph 14

These figures were given in Parliament. It is being said in this paragraph that we are claiming responsibility for these figures and for this refusal to serve. This is completely incorrect. This would once again mean that we were contravening the law (section 121C). In fact, we are saying that that increase is due to the role that the army has played in the townships. This has been said publicly on many occasions. What is clear here is that what is being put to Brigadier Bosman is that this is what the ECC claims. This is not what the ECC claims.

Paragraphs 15 and 16

Laurie Nathan never had a telephone conversation with Brigadier Bosman or any other brigadier. It would seem that an incorrect supposition was put to Brigadier Bosman. We dispute that people who are given academic deferment are considered as those who fail to report for duty. That would be an offence. The parliamentary figures that were given were for people who had failed to report for duty and we doubt that this includes students on deferment, etc.

The headline itself reinforces the hidden agenda type of slur that is being cast upon the ECC. The fact that this issue might contribute to the fall of this government cannot be extrapolated to mean that that is our secret agenda. The same appears from the blurb in the beginning next to the photograph of Charles Ochse. Again there is a subversive innuendo that is cast and what is happening is that he is painting a particular subversive character in regard to the ECC.

3. Die ECC se politiek skyn rooi deur

This headline in itself is defamatory and injurious. Inasmuch as they have identified in these articles the leadership figures and the allies of the ECC, this constitutes a defamation on its own.

Paragraph 1

Again in paragraph 1 of this article there is the inaccuracy that the ECC claims to be non-political. Once again there is the innuendo that it is an under cover operation and that under the guise that the ECC is non-political it embarks on Marxist methods in spreading a message amongst white school children. In the sense that this opening paragraph should reflect what is in the balance of the article, there does not appear to be any reference to so-called Marxist methods. The ECC does hand literature to school students. This is done by pamphlet distribution at schools. It is open and above board. There are no communist cell

structures that are proposed or implicit in this action.

Paragraph 2

If the chain letter is the purported communist method, this is absolutely rejected. There was a letter sent out to mailing lists obtained from affiliates encouraging persons to join the fast. In a completely legitimate technique which is used by marketing people all over the world, we asked people to pass the letter on to at least 10 other people and we did hope in this way to spread the cause of the fast and arouse awareness generally. It is only in this one letter relating to the recent peace fast that we actually used this method. This was not sent to school students.

Paragraph 3

Again the innuendo - the subtle message. We deny that any of our literature promotes public violence or anarchy.

Paragraph 4

These three paragraphs under paragraph 4 are quoting a pamphlet which does not emanate from the ECC. We have not seen this pamphlet. The fact that it says "End conscription" does not mean that it comes from the ECC. We do not know about this pamphlet and it clearly does not set out the ECC's aims in it.

Paragraph 5

We have never seen signposts before. We dispute the analysis in it and say that the passages that have been quoted in paragraph 5 have very little relevance to the ECC - in fact none at all. It is once again highly defamatory because the necessary innuendo is that the ECC is party to this plot of how to overthrow governments.

Paragraph 6.3

This looks as if it could be an accurate translation of what we said in our peace kit.

This is the peace kit that was used in Port Elizabeth. We will get a copy of this and check. To link this quote to the previous quotes is not justified.

Paragraphs 6.4 and 6.5

These could be accurate.

Paragraphs 6.6 to 6.8

We could have said this in the peace kit and we will check this.

Paragraph 7

COSAWR is an overseas based organisation of South African draft resisters who do assist persons who have left the country for military reasons and who do encourage conscientious objection specifically. They have a publication called Resister. This publication and this organisation are not at all in any way affiliated to the ECC. In all international contacts we have specifically avoided contact with any organisations which

would not be able to operate openly and lawfully in South Africa. This would include COSAWR, the ANC, the International Union of Students and the World Peace Council. With regard to paragraph 7, it is absolutely incorrect that we distribute COSAWR publications together with our literature. This would be regarded as an absolute breach of the ECC policy and it has not to the best of our knowledge been done. We would require them to prove this. To link us to the positions taken by COSAWR is inaccurate and injurious. The quotes that are referred to in these paragraphs make it clear that the author has had no compunction in linking the ECC directly with COSAWR. For instance, the encouragement to emigrate was something referred to in the first article and is actually a COSAWR strategy and not ours at all.

4. Sterk steun van Engelse kerke

This is the least problematic article.

Paragraph 1

We are not aware of any Afrikaans churches having taken a standpoint against us.

Paragraph 2

This is correct.

Paragraph 3

Incorrect about the Presbyterian Church. There is probably very strong support from that church for our cause. There is no specific resolution associating themselves with us like the Anglicans and the Roman Catholics.

Paragraph 4

There has been some resistance to the participation of English churches from some members.

Paragraph 5.1

The ECC does not obtain any money from the WCC. It is unclear from this paragraph what the connection between the WCC and the ECC is. This is an innuendo without any substance in the article. The only connection that he is positing is that they are also opposed to military service. This is not good enough. So is a whole range of organisations as we have mentioned above.

Paragraph 5.2

This is correct.

Paragraph 5.3

We are not aware of the SACBC giving money to the SACC. This should be checked for an inaccuracy.

Paragraphs 5.4 and 5.5

These are correct.

NDC24/8

1. Rapport het op 27 Oktober 'n aantal berigte geplaas oor die End Conscription Campaign ('ECC') waaroor die ECC beswaard gevoel het. Hy het die saak na die Mediaraad verwys omdat hy meen hy het nie voldoende kans gehad om sy saak te stel nie.

2. Rapport se storie was ondermeer gebaseer op inligting van 'n persoon binne die ECC wat naamloos wil bly en dokumente in dié persoon se besit. Volgens die bron was die dokumente deel van 'n sogenaamde 'Peace Kit' wat uitgedeel is deur die Port Elizabethse streek van die ECC. Die 'Peace Kit' is 'n lêer omslag met 'n aantal dokumente wat betrekking het op die ECC se veldtog. Lede is aangemoedig om die 'Peace Kit' aan te vul maar indien 'onwettige dokumente' hierin beland het, distansieer die organisasie hom van sulke dokumente.

3. Ons gee egter vandag aan die ECC die geleentheid om sy saak te stel. 'Die ECC is 'n wettige organisasie wat binne die grense van die Verdedigingswet beweeg', sê Janet Cherry, Port Elizabethse Streeksvoorsitter van die ECC. 'Ons moedig nie jong manne aan om militêre diensplig te ontduik nie: Ons vra net dat elkeen self moet kan besluit of hy militêre diens wil doen.'

4. Die doel van die organisasie, soos uiteengesit in sy grondwet, is om te strewe vir beeïndiging van verpligte militêre diens. 'Hierdie opvatting is gegrond op internasionale beginsels wat die

vryheid van die gewete erken. Getuienis in hierdie verband is voor die Geldenhuys Komitee van Ondersoek gelewer, 'n amtelike Weermagkomitee wat alle aspekte van handelinge van die Weermag ondersoek het', sê mej Cherry.

5. 'Die ECC is 'n oorkoepelende liggaam wat uit 'n menige verkillende organisasies bestaan. Dit is nie aan enige politieke groep verbind of by enige ander organisasie geaffilieer nie. Dit geniet die steun van talle kerk; studente; vroue; en menseregte organisasies, soos die meeste Engelse kerke, die Black Sash en die PFP jeug;' sê mnr Nathan, die Nasionale Organiseerder van die ECC.

6. Die ECC glo dat die teenwoordigheid van die Weermag in die Swart woongebiede en in Namibië/Suidwes-Afrika die geweld vererger eerder as om die probleem op te los. Daarom is hy gekant teen verpligte militêre dien, sê mnr Nathan.

7. Die ECC is 'n nie-geweldadige organisasie wat hom verbind het tot 'n 'regverdige vrede in Suid-Afrika'.

AP1/11

## OP PAD NA ŉ REGVERDIGE VREDE IN ONS LAND

## ŉ VERKLARING OM KONSKRIPSIE TE BEËINDIG

Ons woon in ŉ onregverdige samelewing waar basiese menseregte vir die meerderheid van die mense ontken word.

Ons woon in ŉ ongelyke samelewing waar die land en rykdom deur ŉ minderheid besit word.

Ons woon in ŉ samelewing wat in ŉ burgeroorlog betrokke is, waar broeder gevra word om teen broeder te veg.

Ons vra vir die beëindiging van konskripsie.

Jong mans word vir militêre diensplig opgeroep om die onwettige besetting van Namibië te handhaaf, en om ŉ onregverdige oorlog teen vreemde lande te voer.

Jong mans word vir militêre diensplig opgeroep om te help met die toepassing en verdediging van apartheidbeleid.

Jong mans wat weier om militêre diensplig te doen moet kies tussen ses jaar tronkstraf of ballingskap.

Ons vra vir die beeïndiging van konskripsie.

Ons glo dat die finansiële koste van die oorlog die armoede van ons land bevorder, en dat geld eerder gebruik moet word in die belang van vrede.

Ons glo dat die uitbreiding van konskripsie na kleurling en Indiër burger konflik sal bevorder en ons land verder sal verdeel.

ONS GLO DAT DIT DIE MORELE REG VAN SUID-AFRIKANERS IS OM VRYHEID VAN GEWETE UIT TE OEFEN EN TE KAN KIES OM NIE IN DIE SUID-AFRIKAANSE WEERMAG DIENSPLIG TE DOEN NIE.

ONS VRA VIR DIE BEEÏNDIGING VAN KONSKRIPSIE.

ONS VRA VIR 'n REGVERDIGE VREDE IN ONS LAND.

AP1/4

<u>HOEKOM DIE ECC 'NEE' Sê VIR VERPLIGTE MILITêRE DIENS</u>

1. Die End Conscription Campaign is gebaseer op 'die grondbeginsel dat die individu vry behoort te wees om te kies of hy in die Suid-Afrikaanse Weermag wil deelneem', het die ECC verklaar in getuienis gelewer voor die Geldenhuys Komitee van Ondersoek, 'n amptelike Weermagkomitee wat alle aspekte van die handelinge van die Suid-Afrikaanse Weermag ondersoek.

2. Hierdie opvatting is gegrond op internasionale beginsels wat die vryheid van die gewete erken. Hierdie vryheid behels die reg om op te tree volgens die oortuiging dat 'n spesifieke daad moreel verkeerd is.

3. Terwyl sommige mense glo dat dit verkeerd is om onder alle omstandighede geweld te gebruik, voel menigte dat dit apartheid en 'die rol van die SAW in die ondersteuning van die stelsel' is, wat hulle aangemoedig het om die ECC te ondersteun, sê die ECC.

4. 'Die grondoorsaak' van die geweld in die Suid-Afrikaanse gemeenskap is die ontkenning van

- Die Weermag tree aktief op om apartheid te ondersteun deur bv die inhegtenisneming van Swartes vir pasootredings en deur te help met die gedwonge verwydering van Swart gemeenskappe.

- Die Weermag is betrek in die 'beset' van die Swart woonbuurte in ons land as gevolg van die regering se poging om onluste te beperk. As gevolg hiervan is die Weermag soms verantwoordelik vir die dood van inwoners.

7. Die beleid wat deur die SAW ondersteun en uitgevoer word is dus 'grondliggend onregverdig', beweer die ECC. Die 'vyand' is nie 'n buitelandse aanvaller nie, maar wel Swart Suid-Afrikaners.

8. Volgens die ECC word hierdie siening deur duisende jong Suid-Afrikaanse mans gedeel, en dit word beklemtoon deur die menigte dienspligtiges wat elke jaar versuim om vir militêre diensplig te rapporteer.

9. Een van die redes vir hierdie verset is die teenwoordigheid en gebruik van troepe in die Swart woonbuurte.

10. 'Vir baie dienspligtiges is dit duidelik dat die oplossing van ons land se probleme polities en nie militêr is nie, en dat die pad na vrede nie in die rigting van konfrontasie en die verklaring van 'n noodtoestand lê nie, maar in die rigting van opregte onderhandeling op die basis van gelykheid tussen alle Suid-Afrikaners' sê die ECC.

11. Verskeie ander redes vir die ECC se beswaar teen militêre diensplig is in die getuienis voor die Geldenhuys Komitee genoem.

12. In verwysing na die sielkundige gevolge van militarisering, beweer die ECC dat verpligte konskripsie 'tot 'n verhoging gelei het in die vlak van geweld in die samelewing as geheel'.

13. Hulle haal 'n kliniese sielkundige van die Potchefstroomse Universiteit aan wat gedurende 'n hofsaak beweer het dat soldate 'wat nie spanning kan hanteer nie, potensiële moordenaars is'. Hulle noem ook die bevindings van 'n groep sielkundiges, nl dat 'geweld, dronkenskap en seksuele frustrastie van terugkerende nasionale dienspligtes 'n onvermydelike nagevolg is van 'n grensoorlog wat in intensiteit aangroei.

14. Die ECC kritiseer die rol van die Suid-Afrikaanse Weermag ivm die 'besetting' van Suidwes-Afrika in teenstelling met die 1971 besluit van die Internasionale Geregshof dat Suid-Afrika se teenwoordigheid onwettig is.

15. Hulle ondersteun die 'ontrekking van alle Suid-Afrikaanse troepe, die spoedige toepassing van die VVO se resolusie 435, en dat vrye en regverdige verkiesings gehou moet word sodat die bevolking van Namibië hulle eie toekoms kan bepaal'. Die ECC beweer dat die teenwoordigheid van die Suid-Afrikaanse Weermag in Suidwes-Afrika ŉ 'belangrike hindernis in die pad van vrede' is.

16. Hulle bied ook weerstand teen die 'aggresiewe' rol van die SAW in ander Suider-Afrika state en die herhaaldelike 'onregvredige skending van die soewereiniteit van onafhanklike state'.

17. Hulle sê ook: 'Die Regering se herhaaldelike maar oneerlike ontkenning van sy betrokkenheid by hierdie skendings is ewe bekommerwekkend'.

18. Die ECC eindig hulle getuienis voor die Geldenhuys Komitee deur te verwys na die feit dat Suid-Afrika in twee wêreldoorloë sonder konskripsie geveg het.

DSD12/19

# ONS VEG VIR DIE REG OM NIE TE VEG NIE

Die gebruik van die Weermag om binnelandse onrus te onderdruk versterk die End Conscription Campaign.

Oor die afgelope paar jaar het die uitbreiding van ondersteuning van die E C C ooreengestem met die SA Weermag se toenemende betrokkenheid in Suid Afrika se swart woonbuurte.

Sedert Oktober 1984 is die Weermag in die swart woonbuurte aanwesig. Vir baie dienspligtiges het dit tot 'n dilemma gelei. In Kaapstad het omtrent 10 mense per week die 'Advice Bureau on Military Conscription' benader. Die buro verskaf inligting en ook advies aan dienpligtiges.

Die rol van die weermag en die gebruik van nasionale dienspligtiges in die swart woonbuurte is twee belangrike redes hoekom menigte mans nie by die Weermag wil aansluit nie.

'Die grens is nie meer 2000 kilometers ver nie,' het een dienspligtige gese: 'Dit is hier by ons in Soweto, Guguletu en New Brighton.'

Dr Ivan Toms, 'n dokter in die Crossroads plakkerskamp naby Kaapstad, het onlangs verklaar : 'Ek sien daagliks hoe die veiligheidsmagte mense soos diere behandel, hulle skuiltes

afbreek en vrouens met dag-oue babas aan die koue en reën blootstel.'

'Die Suid Afrikaanse Weermag kan my oproep om te veg teen dieselfde mense wat ek nou dien. Die sou belaglik wees. Ek is deur God geroep om die armes van Crossroads te dien', het Dr Toms gese. Onlangs het Dr Toms vir 3 weke gevas as deel van 'n landswye E C C-vas wat geprotesteer het teen die teenwoordigheid van troepe in die swart woonbuurtes.

Daar bestaan egter min alternatiewe keuses vir militêre diensbeswaardes, soos Dr Toms, wat geweier het om in die Weermag te dien. Volgens die wet kan slegs 'godsdiensbeswaardes' alternatiewe gemeenskapsdiens doen. Dit duur egter vir 6 jaar. Hulle moet ook eers voor die 'Raad vir Godsdienstige Beswaar' verskyn.

Alle ander diensbeswaardes kan met 6 jaar gevangenistraf gestraf word.

Die E C C het al dikwels verklaar dat dit nie sy beleid is om mense aan te moedig om hulle diensplig te ontduik nie. Die E C C glo egter dat alle dienspligtiges die reg behoort te hê om te kies of hulle hul diensplig in die weermag self wil doen.

Vanjaar in Augustus het die E C C getuienis gelewer voor die Geldenhuys Komitee wat onder die leiding van Genl. Jannie Geldenhuys gesit het.

In verband met die posisie van militêre diensbeswaardes het die E C C drie voorstelle gemaak :-

1. All militêre dienspligtiges wat as gevolg van gewetensbeswaar voel dat hulle nie in die weermag kan dien nie, moet die reg hê om alternatiewe gemeenskapsdiens te doen. Die keuse om gemeenskapsdiens eerder as militêre diensplig te doen moet dus nie slegs tot godsdienstige ontduikers beperk word nie.

2. Die duur van die gemeenskapsdiens moet dieselfde wees as militêre diensplig, naamlik 4 jaar.

3. Gemeenskapsdiens behoort nie slegs in regeringsdepartemente te kan plaasvind nie maar ook in godsdienstige organisasies en welsynorganisasies.

In verband met die regte van individuele dienspligtiges, het die E C C aanvaar dat menigte dienspligtiges hulle militêre diensplig onwillig voltooi. Die E C C stel voor dat hulle meer seggenskap gegee moet word oor die aard van hulle diens. Hulle behoort die vryheid te hê om te kies of hulle in die swart woonbuurte of ons buurstate (insluitend Suid Wes Afrika) diens wil doen al dan nie.

Die E C C glo dat die verklaring van die Noodtoestand geldigheid verleen het aan die regte van dienspligtiges wat verplig is om ingevolge 'n verskeidenheid magte op te tree, met die gesag om inwoners te ondersoek, te aresteer of as gevangenes aan te hou.

DSD12/18

# END CONSCRIPTION CAMPAIGN VORDER STERK

Sedert sy aanvang aan die einde van 1983, het die End Conscription Campaign aansienlike ondersteuning van beide die wit en die swart gemeenskap ontvang.

Die E C C is gestig as gevolg van 'n voorstel wat in 1983 deur die Black Sash aanvaar is, naamlik dat gedwonge diensplig in die S A Weermag tot 'n einde moet kom.

Vandag is daar E C C komitees in Johannesburg, Kaapstad, Port Elizabeth, Grahamstad, Durban en Pietermaritzburg. In Junie dié jaar is die E C C se eerste Nasionale Vredesfees deur 400 afgevaardigdes en meer as 3000 deelnemers bygewoon. In Oktober het 'n vergadering in Kaapstad wat geprotesteer het teen die teenwoordigheid van troepe in swart woonbuurte, meer as 4000 mense aangetrek.

By beide van hierdie byeenkomste is boodskappe van ondersteuning van oorsese vredesorganisasies en kerke uitgelees.

Die E C C is nie 'n 'organisasie' nie, maar 'n oorkoepelende liggaam wat uit 'n menigte verskillende organisasies bestaan. Die E C C is nie by enige ander organisasie geaffilieer nie, en is nie aan enige politieke groep verbonde nie. Die E C C is vasberade om geweld te vermy en slegs wettige metodes te gebruik om sy doel te bereik.

Die E C C geniet die ondersteuning van menigte kerk-, studente-, vroue- en menseregteorganisasies, insluitende Katolieke, Anglikaanse, Metodiste, Presbiteriaanse en Congregational Kerke, die Black Sash en die P F P jeug.

Ondersteuning vir die E C C is besig om vinnig in die Afrikaanse gemeenskap aan te groei. Die E C C het vergaderings in Stellenbosch toegespreek en het kontak gemaak met studente van RAU en die Universiteit van Pretoria.

Vooraanstaande Afrikaanse skrywer, Prof Andrè P. Brink, het sy ondersteuning vir die E C C uitgedruk met die volgende woorde: 'Apartheid is nie ŉ stelsel waarvoor ek bereid is om te lewe of te sterwe nie. Dit verteenwoordig nie die Suid-Afrika wat ek liefhet en eer nie. Ons behoort nie die gewelddadigheid van sommige swart mense goed te keur nie, maar die feit is dat hulle daartoe gedryf is deur die geweld van ŉ stelsel wat vir eeue lank hulle basiese menseregte ontneem het en steeds ontneem.'

Saam met onder andere Sir Richard Luyt, Aartsbiskop Dennis Hurley, Mev Sheena Duncan, Dr Beyers Naudé en P F P parlementslede Errol Moorcroft en Michael Tarr, het Prof Brink die E C C verklaring onderteken.

Dr Naudé sê die E C C verdien alle moontlike ondersteuning :

"Ek glo dat die christen kerke en die christen gemeenskap alles binne hulle vermoë moet doen om oorlog en geweld te vermy, en moet streef om waar moontlik die oorsake van geweld en oorlog te verwyder."

Gebruik van die weermag om interne onrus te onderdruk versterk die End Conscription Campaign.

# VERSKONING EN TERUGTREKKING

Verteenwoordigers van die End Conscription Campaign ('die ECC') het 'n klagte by die Mediaraad voorgelê en gevra vir 'n verskoning en terugtrekking in verband met 'n stel artikels oor die ECC wat in die Rapport van 27 Oktober 1985 verskyn het. Ons het die ECC se voorstellings noukeurig oorweeg en beweer soos volg:-

1. Ons verslag het die ECC uitgebeeld as 'n organisasie wat kommunistiese en marxistiese metodes gebruik om 'n onwettige aanslag op die wit jeug van Suid-Afrika te maak. Met die bewering dat die ECC mense aanmoedig om militêre diensplig te ontduik, het ons te kenne gegee dat die ECC 'n kriminele oortreding van die Verdedigingswet gepleeg het. Ons het verder te kenne gegee dat die ECC kriminele oortredings gepleeg het onder die Wet op Binnelandse Veiligheid deurdat hulle onwettige organisasies soos die ANC, SWAPO en COSAWR ondersteun.

2. Die algemene toon van die artikel het die ECC uitgebeeld as 'n sameswering wat publieke geweld en wetteloosheid in Suid-Afrika gesteun het. Die ECC is uitgebeeld as 'n organisasie wat marxistiese guerilla taktiek gebruik om sy doel te bevorder. Die organisasie is ook uitgebeeld as een wat ander bona fide organisasies infiltreer.

3. Ons het in ons artikel voorgegee dat ons ondersoek deeglik en omvattend was en maande lank geduur het. Die ECC het daarop gewys dat geen onderhoud met hulle gevoer is nie, dat hulle nie met betrekking tot die ondersoek geraadpleeg is nie en dat die metodes wat gebruik is nie voldoen het aan die aanvaarbare standaarde van regverdige verslaggewing nie. As gevolg van hierdie

oortreding van die reëls van die Mediaraad word sommige feitlike onakkuraathede by die artikel ingesluit.

Na ondersoek van die getuienis, het ons tot die gevolgtrekking gekom dat die ECC korrek is en dat daar geen basis is vir hierdie bewerings nie. Ons onttrek dus onvoorwaardelik aantuigings in hierdie opsig en vra die ECC en sy lede om verskoning vir enige skade of nadele wat deur lede opgedoen is en vir die partydige metode wat in die verslaggewing gebruik is. Ten opsigte van die bogenoemde, het ons ingestem om die artikels wat op hierdie bladsy verskyn en wat die ware aard van die ECC se program en werk uiteensit, te publiseer.

AP1/11

## OP PAD NA 'n REGVERDIGE VREDE IN ONS LAND

## 'n VERKLARING OM KONSKRIPSIE TE BEEÏNDIG

Ons woon in 'n onregverdige samelewing waar basiese menseregte vir die meerderheid van die mense ontken word.

Ons woon in 'n ongelyke samelewing waar die land en rykdom deur 'n minderheid besit word.

Ons woon in 'n samelewing wat in 'n burgeroorlog betrokke is, waar broeder gevra word om teen broeder te veg.

Ons vra vir die beeïndiging van konskripsie.

Jong mans word vir militêre diensplig opgeroep om die onwettige besetting van Namibië te handhaaf, en om 'n onregverdige oorlog teen vreemde lande te voer.

Jong mans word vir militêre diensplig opgeroep om te help met die toepassing en verdediging van apartheidbeleid.

Jong mans wat weier om militêre diensplig te doen moet kies tussen ses jaar tronkstraf of ballingskap.

Ons vra vir die beeïndiging van konskripsie.

Ons glo dat die finansiële koste van die oorlog die armoede van ons land bevorder, en dat geld eerder gebruik moet word in die belang van vrede.

Ons glo dat die uitbreiding van konskripsie na kleurling en Indiër burger konflik sal bevorder en ons land verder sal verdeel.

ONS GLO DAT DIT DIE MORELE REG VAN SUID-AFRIKANERS IS OM VRYHEID VAN GEWETE UIT TE OEFEN EN TE KAN KIES OM NIE IN DIE SUID-AFRIKAANSE WEERMAG DIENSPLIG TE DOEN NIE.

ONS VRA VIR DIE BEEÏNDIGING VAN KONSKRIPSIE.

ONS VRA VIR 'n REGVERDIGE VREDE IN ONS LAND.

DSD12/18

# END CONSCRIPTION CAMPAIGN VORDER STERK

Sedert sy aanvang aan die einde van 1983, het die End Conscription Campaign aansienlike ondersteuning van beide die wit en die swart gemeenskap ontvang.

Die E C C is gestig as gevolg van 'n voorstel wat in 1983 deur die Black Sash aanvaar is, naamlik dat gedwonge diensplig in die S A Weermag tot 'n einde moet kom.

Vandag is daar E C C komitees in Johannesburg, Kaapstad, Port Elizabeth, Grahamstad, Durban en Pietermaritzburg. In Junie dié jaar is die E C C se eerste Nasionale Vredesfees deur 400 afgevaardigdes en meer as 3000 deelnemers bygewoon. In Oktober het 'n vergadering in Kaapstad wat geprotesteer het teen die teenwoordigheid van troepe in swart woonbuurte, meer as 4000 mense aangetrek.

By beide van hierdie byeenkomste is boodskappe van ondersteuning van oorsese vredesorganisasies en kerke uitgelees.

Die E C C is nie 'n 'organisasie' nie, maar 'n oorkoepelende liggaam wat uit 'n menigte verskillende organisasies bestaan. Die E C C is nie by enige ander organisasie geaffilieer nie, en is nie aan enige politieke groep verbonde nie. Die E C C is vasberade om geweld te vermy en slegs wettige metodes te gebruik om sy doel te bereik.

Die E C C geniet die ondersteuning van menigte kerk-, studente-, vroue- en menseregteorganisasies, insluitende Katolieke, Anglikaanse, Metodiste, Presbiteriaanse en Congregational Kerke, die Black Sash en die P F P jeug.

Ondersteuning vir die E C C is besig om vinnig in die Afrikaanse gemeenskap aan te groei. Die E C C het vergaderings in Stellenbosch toegespreek en het kontak gemaak met studente van RAU en die Universiteit van Pretoria.

Vooraanstaande Afrikaanse skrywer, Prof André P. Brink, het sy ondersteuning vir die E C C uitgedruk met die volgende woorde: 'Apartheid is nie 'n stelsel waarvoor ek bereid is om te lewe of te sterwe nie. Dit verteenwoordig nie die Suid-Afrika wat ek liefhet en eer nie. Ons behoort nie die gewelddadigheid van sommige swart mense goed te keur nie, maar die feit is dat hulle daartoe gedryf is deur die geweld van 'n stelsel wat vir eeue lank hulle basiese menseregte ontneem het en steeds ontneem.'

Saam met onder andere Sir Richard Luyt, Aartsbiskop Dennis Hurley, Mev Sheena Duncan, Dr Beyers Naudé en P F P parlementslede Errol Moorcroft en Michael Tarr, het Prof Brink die E C C verklaring onderteken.

Dr Naudé sê die E C C verdien alle moontlike ondersteuning :

"Ek glo dat die christen kerke en die christen gemeenskap alles binne hulle vermoë moet doen om oorlog en geweld te vermy, en moet streef om waar moontlik die oorsake van geweld en oorlog te verwyder."

Gebruik van die weermag om interne onrus te onderdruk versterk die End Conscription Campaign.

AP1/4

<u>HOEKOM DIE ECC 'NEE' Sê VIR VERPLIGTE MILITêRE DIENS</u>

1. Die End Conscription Campaign is gebaseer op 'die grondbeginsel dat die individu vry behoort te wees om te kies of hy in die Suid-Afrikaanse Weermag wil deelneem', het die ECC verklaar in getuienis gelewer voor die Geldenhuys Komitee van Ondersoek, 'n amptelike Weermagkomitee wat alle aspekte van die handelinge van die Suid-Afrikaanse Weermag ondersoek.

2. Hierdie opvatting is gegrond op internasionale beginsels wat die vryheid van die gewete erken. Hierdie vryheid behels die reg om op te tree volgens die oortuiging dat 'n spesifieke daad moreel verkeerd is.

3. Terwyl sommige mense glo dat dit verkeerd is om onder alle omstandighede geweld te gebruik, voel menigte dat dit apartheid en 'die rol van die SAW in die ondersteuning van die stelsel' is, wat hulle aangemoedig het om die ECC te ondersteun, sê die ECC.

4. 'Die grondoorsaak' van die geweld in die Suid-Afrikaanse gemeenskap is die ontkenning van

- Die Weermag tree aktief op om apartheid te ondersteun deur bv die inhegtenisneming van Swartes vir pasootredings en deur te help met die gedwonge verwydering van Swart gemeenskappe.

- Die Weermag is betrek in die 'beset' van die Swart woonbuurte in ons land as gevolg van die regering se poging om onluste te beperk. As gevolg hiervan is die Weermag soms verantwoordelik vir die dood van inwoners.

7. Die beleid wat deur die SAW ondersteun en uitgevoer word is dus 'grondliggend onregverdig', beweer die ECC. Die 'vyand' is nie ŉ buitelandse aanvaller nie, maar wel Swart Suid-Afrikaners.

8. Volgens die ECC word hierdie siening deur duisende jong Suid-Afrikaanse mans gedeel, en dit word beklemtoon deur die menigte dienspligtiges wat elke jaar versuim om vir militêre diensplig te rapporteer.

9. Een van die redes vir hierdie verset is die teenwoordigheid en gebruik van troepe in die Swart woonbuurte.

10. 'Vir baie dienspligtiges is dit duidelik dat die oplossing van ons land se probleme polities en nie militêr is nie, en dat die pad na vrede nie in die rigting van konfrontasie en die verklaring van 'n noodtoestand lê nie, maar in die rigting van opregte onderhandeling op die basis van gelykheid tussen alle Suid-Afrikaners' sê die ECC.

11. Verskeie ander redes vir die ECC se beswaar teen militêre diensplig is in die getuienis voor die Geldenhuys Komitee genoem.

12. In verwysing na die sielkundige gevolge van militarisering, beweer die ECC dat verpligte konskripsie 'tot 'n verhoging gelei het in die vlak van geweld in die samelewing as geheel'.

13. Hulle haal 'n kliniese sielkundige van die Potchefstroomse Universiteit aan wat gedurende 'n hofsaak beweer het dat soldate 'wat nie spanning kan hanteer nie, potensiële moordenaars is'. Hulle noem ook die bevindings van 'n groep sielkundiges, nl dat 'geweld, dronkenskap en seksuele frustrastie van terugkerende nasionale dienspligtes 'n onvermydelike nagevolg is van 'n grensoorlog wat in intensiteit aangroei.

14. Die ECC kritiseer die rol van die Suid-Afrikaanse Weermag ivm die 'besetting' van Suidwes-Afrika in teenstelling met die 1971 besluit van die Internasionale Geregshof dat Suid-Afrika se teenwoordigheid onwettig is.

15. Hulle ondersteun die 'ontrekking van alle Suid-Afrikaanse troepe, die spoedige toepassing van die VVO se resolusie 435, en dat vrye en regverdige verkiesings gehou moet word sodat die bevolking van Namibië hulle eie toekoms kan bepaal'. Die ECC beweer dat die teenwoordigheid van die Suid-Afrikaanse Weermag in Suidwes-Afrika 'n 'belangrike hindernis in die pad van vrede' is.

16. Hulle bied ook weerstand teen die 'aggresiewe' rol van die SAW in ander Suider-Afrika state en die herhaaldelike 'onregvredige skending van die soewereiniteit van onafhanklike state'.

17. Hulle sê ook: 'Die Regering se herhaaldelike maar oneerlike ontkenning van sy betrokkenheid by hierdie skendings is ewe bekommerwekkend'.

18. Die ECC eindig hulle getuienis voor die Geldenhuys Komitee deur te verwys na die feit dat Suid-Afrika in twee wêreldoorloë sonder konskripsie geveg het.

**Collection Number: AG1977**

**END CONSCRIPTION CAMPAIGN (ECC)**

***PUBLISHER:***

*Publisher:-* **Historical Papers Research Archive**
*Location:-* **Johannesburg**
**©2013**

***LEGAL NOTICES:***

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of paper documents and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

This document is part of a collection held at the Historical Papers Research Archive at The University of the Witwatersrand, Johannesburg, South Africa.